# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (34/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 8 September 2017*

***"A train station is where a train stops. A bus station is where a bus stops. On my desk, I have a work station" Anon***


## RUSSIESE REGULASIES: PADVERVOER EN GEWIGSASPEKTE [BOODSKAP VAN MIKHAIL]

Onlangs het die Russiese Pad Owerheid, bygestaan deur die verkeerspolisie, begin om streng die toegelate vrag op die pad se oppervlakte te ondersoek. Daar is formules om die vrag volgens die model van die vragmotor te bereken. Boetes vir oortreding van die gewigsregulasie is hoog, dus begin vervoermaatskappye om van verskepers te eis. Hierdie probleem is van geen bekommernis vir uitvoerders wat vrugte per skip stuur nie: vrugte is in palette en die verskeper kan bepaal hoeveel hy op 'n vragmotor laai. As vrugte egter in 'n houer gelaai is, gaan dit vir die invoerder moeilik wees om palette in die houer te verander om aan die gewig te voldoen. Die houer sal van die hawe na die koper se pakhuis vervoer word soos dit van die houerskip afgelaai word. Dus, daar is 'n risiko van 'n groot boete op oorgewig houers indien die vragmotor iewers tussen die hawe en pakhuis deur die verkeerspolisie gestop word. Besonderhede van die nuwe regulasies is by Mitchell Brooke (mitchell@cga.co.za) beskikbaar, wat kennis hiervan dra. Ek sal net versigtige uitvoerders adviseer om spesifiek met die Russiese kopers die verantwoordelikhede aan beide kante vas te stel, rakende die bruto gewig van die vrugte in die houer, om aan die strenger regulasies te voldoen.

## SPOOR VERVOER IN DIE NOORDE KRY AANDAG

In die lig van die toenemende operasionele probleme in die Durban hawe en die feit dat sitrusproduksie in die noorde oor die volgende paar jaar met ~ 18% sal groei, is die CGA hard aan die werk om die implementering van spoordienste in die noorde te prioritiseer. Vier kern plekke sal vanaf die 2018 seisoen beskikbaar wees, wat beteken dat alle produsente in die noorde 'n geleentheid sal hê om toegang tot spoorvervoer te verkry vanaf, 1) die Musina-Intermodal Terminaal (MIT) is vanjaar in Julie bekend gestel, waar produsente van Limpoporivier en Zimbabwe toegang kan verkry, 2) die Tzaneen-spoor waar daar al lank houers in die Letsitele en Hoedspruit gepak word, 3) die Bela Bela-spoor wat in Maart vanjaar geïmplementeer is en houers van Marble Hall en Groblersdal vervoer, en 4) 'n nuwe spesifieke spoordiens sal volgende maand in City Deep geloods word met die insluiting van 'n nuwe moderne fasiliteit waarna vrugte vervoer kan word om in houers gepak te word. Daar is 'n plan om vroeg volgende jaar nuwe "reefer-treine" aan hierdie fasiliteit toe te wys om invoer houers na City Deep te bring en dan die houers met vrugte na die hawe terug te vervoer. Vir meer inligting kontak mitchell@cga.co.za.

## SUIDER AFRIKA SE PAK-KAPASITEIT




Verlede week het ons na die pak-vermoë van Suider-Afrika se sitrusbedryf gekyk. John Edmonds (CGA inligtingsbestuurder) het nog meer data gaan soek – en ons kan nou die evolusie van die bedryf se vermoë om te pak, sien. In 2000 het die bedryf die vermoë gehad om 3 miljoen kartonne per week te pak; elke vyf jaar sedertdien het die bedryf 'n vermoë van 'n miljoen kartonne per week bygevoeg; en nou staan dit op 6 miljoen kartonne per week.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 35 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2015 | 2016 | 2017 | 2016 | 2017 | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 15.9 m | 13.2 m | 15.6 m | 12.6 m | 14.1 m | 15.6 m | 15.7 m | 13.2 m |
| Sagte Sitrus | 9.5 m | 11.8m | 12.9m | 10.9 m | 12.2 m | 13.2 m | 13.8 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 14.4 m | 14.5 m | 18.4 m | 14.1 m | 18 m | 17.5 m | 18.7 m | 15 m |
| Nawels | 24.2 m | 26.1 m | 20.9 m | 25.3 m | 20.9 m | 26.3 m | 21 m | 26.2 m |
| Valencias | 36.6 m | 34.5 m | 40.7 m | 30.8 m | 32.8 m | 50.1 m | 49 m | 41.8 m |
| Totaal | 100.6 m | 100.1 m | 108.5 m | 93.7 m | 98 m | 122.7 m | 118.2 m | 108.4 m |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**